Ag/4/1/2

NNNNZCZC 000 01621
AAHQ16 FAME 011800
MP 129
M43/045 86/07/01

NUUSBRIEF - JUNIE 86

ONS IS NOU AL AAN DIE EINDE VAN JUNIE EN ALMAL IS AL GOED INGEBURGER. DIE KOUE PLA NIE MEER TE VEEL NIE, EN DIE MEESTE VAN ONS GROOT PROJEKTE IS VOLTOOI.

DIE OU STORT- EN DROOGKAMERS HET ARCHIE EN JOHN IN N HEEL PROFESSIONELE GIMNASIUM OMSKEP. DIT HET VOLVLOERMATTE EN AL DIE NODIGE TOERUSTING OM ENIGEEN IN N HERCULES TE OMSKEP. (AS DAAR BAIE GEOEFEN WORD, BYGESE)

ANDRIES HET DIE OU BADKAMERS IN N KAMPSTOOR OMSKEP WAAR AL ONS KAMP TOERUSTING NOU BAIE NETJIES EN ORDELIK GEBERE KAN WORD. HY HET SO BAIE VAN DIE MUURKLEUR GEHOU ,DAT HY SY WATERSTEWELS DIESELFDE GEVERF HET.ADRIAAN KON N MENS TOT LAATNAG TOE HOOR TIMMER EN SAAG EN DIE NUWE DONKERKAMER IS RERIG IETS OM TE SIEN.

NEIL EN ROB HET OM DIE EILAND GESTAP EN HULLE SE HULLE HET DIT BAIE GENIET, AL WAS DIT SO KOUD EN NAT. NEIL HET DRIE BOSLUISVOELS POSITIEF GEIDENTIFISEER. (HULLE WORD BLYKBAAR DEUR DIE HOE WINDE HIERHEEN GEWAAI EN IS AL VANTEVORE OOK OPGEMERK) DIT WAS JUIS OP DIE TWEEDE DAG VAN HUL STAP DAT DIE WIND SO STERK GEWAAI HET, DAT HULLE IN DIE HUT MOES BLY EN WAG DAT DIE WIND BEDAAR. SIEN WINDSPOED HIERONDER.
EEN AAND IS DAAR BESLUIT OM MONOPOLY TE SPEEL. MET DIE DAT ONS NIE DIE AMPTELIKE REELS HET NIE, IS DAAR HEELWAT NUWE REELS GEMAAK (WANNEER DIT IEMAND PAS) EN DIE GEKONKEL HET 'DALLAS' NA N KINDERTUIN STORIE LAAT LYK. TEEN ONGEVEER DRIE-UUR DIE OGGEND HET ANDRIES (MET MEER GELD AS DIE BANK) AS OORWINNAAR UIT DIE STRYD GETREE. WAT DIT NOU BEWYS SAL EK NIE WEET NIE.

ONS BRAAIVLEIS AAND WAS BAIE GESELLIG EN N GROOT SUKSES, OMDAT DIE LEEU-DRINKERS(EK EN ANDRIES) DIE KASTEEL DRINKER (MARK) OORTUIG HET DAT CHARLES GLASS SE SMAAK NOU NIE TE WAT WONDERS WAS NIE. DIT IS GEDOEN DEUR N STOEISTRYD IN DIE MODDER WAT JAN WILKENS TRANE IN DIE OE SOU LAAT KRY HET. DIE ONTDEKKING MOES VIR MARK N GROOT SKOK GEWEES HET, WANT HY SWEER HOOG EN LAAG DAT, TOE HY LATER NA DIE BOLUG GEBOU STAP, HY 'IETS' IN N PERMANENTE POEL WATER, WAT LANGS DIE PAADJIE LE, SIEN BEWEEG HET. DIT IS ONMIDDELIK ONDER GROOT GESPOT AS DIE LOCH NESS MONSTER GEDOOP, MAAR NET SOOS SY NAAMGENOOT, HET NIEMAND ANDERS HOM NOG TOT DUSVER GESIEN NIE.

IN DIE BEGIN VAN DIE MAAND HET JOHN MET GROOT ERNS AANGEKONDIG DAT HY NOU DIE ROOKGEWOONTE GAAN AFLE. ALLE VOORRADE IS VER WEGGEPAK. SO TWEE WEKE LANK HET ALLES GOED GEGEAN, EN HET HY SAKKE VOL LEKKERS GEEET OM DIE LUS WEG TE HOU. TOE, EEN AAND NA N BESONDER LEKKER AANDETE, WAS HY ERG VERBAAS TOE MARK HOM DAAROP WYS DAT HY N BRANDENDE SIGARET IN SY HANDE HET. HOE DIT DAAR GEKOM HET WAS HY NOU NIE HEELTEMAL SEKER VAN NIE. IN ELKE GEVAL, HY SE HY HET SY PUNT BEWYS, HY KAN AS HY WIL.

DIE MAAND HET ONS OOK ARCHIE EN STEVE SE VERJAARSDAE GEVIER. ALMAL HET NET VOOR DRIE-UUR DIE OGGEND IN DIE RADIOKAMER BYMEKAAR GEKOM EN VIR ARCHIE GEWAG OM SY RADIO-SKED TE DOEN. TOE HY DIE LIGTE AAN-SIT HET ONS HOM TOEGESING EN ONDER GROOT PROTES N BLIKKIE COKE WEGGESLUK. DIE KOEK WAT ADRIAAN VIR HOM GEBAK HET, HET NET SOOS SY VI DEO
VIDEO-KAMERA GELYK (WEL AMPER) EN HY WAS BAIE BEINDRUK DAARMEE.
MET STEVE SE VERJAARSDAG HET ONS N SKEMERKELKIE IN SY LABORATORIUM GENIET. DIE ROOMYSKOEK WAT MARK VIR HOM GEMAAK HET, WAS IN DIE VORM VAN EEN VAN DIE GOGGATJIES WAT HY SO DAE LANK AANEEN BE-STUDEER. ALHOEWEL HY NIE DIE SPESIE KON IDENTIFISEER NIE, HET HY ONS VERSEKER DAT DIT BAIE LEKKER PROE.
DIE GROOTSTE OKKASIE WAS GEWIS ONS MIDWINTER PARTYTJIE. (DIT IS DIE LANGSTE NAG VAN DIE JAAR EN WORD TRADISIONEEL OP AL DIE EILANDE GEVIER) DIE OGGEND VROEG HET DIT AL BEGIN SNEEU EN DIE WEERKUNDIGES (METKASSIES SOOS ONS HULLE NOEM) IS GEPRYS VIR HULLE VERMOE OM DIT OP SO GELEE TYD TE BESTEL. DIT WAS N HEEL ANDER SAAK TOE ONS DIE VOLGENDE DAG UITVIND DAT AL DIE WATERPYPE GEVRIES IS , EN NIEMAND KON STORT OF BAD NIE. MET N BIETJIE VERBEELDING KAN DIE TEMA AS ROMEINS BESKRYF WORD.ALMAL WAS IN ROMEINSE DRAG GEKLEE, EN ARCHIE HET SELFS N LOURIERKRANS GEHAD. DIE ONTHAAL WAS IN N TENT (OU VALSKERM) MET KUSSINGS EN LAE BANKIES INGESLUIT. GOEIE NUUS WAS TOE JOHN ONS VERTEL DAT SY BROER OOK GENOOI IS EN DAT HY N KLOMP MEISIES SAAMBRING, MAAR DIE HET TOE NOOIT OPGEDAAG NIE. (SEKER N PAP WIEL GEHAD)DIE FONDUE IS DEUR ALMAL GENIET EN MENIGE HEIL-DRONK IS INGESTEL. LATER HET IEMAND (ONS SOEK HOM NOG) VOORGESTEL DAT ONS NA DIE BO-LUG GEBOU 'STREAK' (SO 200 METER) EN DIT HET ALGEHELE BYVAL GEVIND. DIE TERUG HARDLOOP WAS BAIE, BAIE VINNIGER EN DIT HET ONS N HELE RUKKIE GENEEM OM WEER TE ONTDOOI. VAN DIE SKELM FOTOS WAT ARCHIE GENEEM HET SAL ONS EERDER NIKS VAN SE NIE. ALLES IN AG GENOME WAS DIE PARTYTJIE N REUSE SUKSES EN HET ALMAL DIT BAIE GENIET.

DIE VOLGENDE DAG WAS DIE WATERTOEVOERPYPE GEVRIES EN OM WATER TE BESPAAR HET ONS SNEEU GESMELT OM MEE TE BAD. N ELLELANGE PROSES. TOE DIE WEER BEGIN OPKLAAR EN DIE SNEEU SMELT, HET ARCHIE, ROB EN ANDRIES BESLUIT OM TE GAAN KYK HOE DIE YSPLATO IN DIE BERGE NOU EINTLIK LYK. VAN WAT ONS HOOR WAS ARCHIE MEER ONDER DIE SNEEU AS DAAROP. ANDRIES SE HY DOEN DIT NIE SOMMER WEER GOU NIE. HULLE HET GLO ASEMROWENDE MOOI FOTOS GENEEM EN ONS WAG NOG DAT DIT ONT-WIKKEL WORD.
ROB HET SY HAND AAN BIERBROU GESLAAN EN DIE MEESTE VAN ONS IS DIT EENS DAT DIT CHARLES GLASS SE GOEDKEURING SOU WEGGEDRA HET.

MAANDAG EN DONDERDAG AANDE KYK ONS VIDEOS. WMSDAGAANDE IS DIT 16 MM AUDIO- VISUELE ROLPRENTE. SATERDAG AAND IS DIE GROOT FLIEK AAND EN DAN KYK ONS NA N 16MM ROLPRENT. MAANDAG IS HUISVROU DAG. DAN SKROP,WAS EN STOFSUIG ELKEEN N DEEL VAN DIE BASIS. DIE KOOKKUNS IS OOK AL REDELIK BEMEESTER EN ONS EET BAIE LEKKER.
DIS DAN AL DIE NUUS HIER UIT DIE KOUE SUIDE,
GROETE AAN ALMAL
MARION 43

WEER DATA JUNIE 86

GEMIDDELDE TEMP.	4,7
MAKSIMUM TEMP.	11.2
MINIMUM TEMP.	-3.3
TOTALE REENVAL	213MM
HOOGSTE REENVAL	34.4 OP DIE 18DE
HOOGSTE WINDSPOED	169KM/H (109MPH)
HOOGSTE GEMIDDELDE WINSPOED	115KM/H (72 MPH) IN EEN UUR
GEMIDDELDE DRUK	1008.1MB

NUUSBRIEF DEUR: A. VAN DER MERWE

NNNN